Goeiemôre en hartlik welkom

Hierdie was vir baie mense 'n goeie week. Eers wat daar die korste dag en die langste nag. Wat beteken dat van nou afgaan die nagte korter word en die dae langer. Dit is vir my goeie nuus, ons as gelowiges is mos mense van die lig. So gebeur die verandering....

Ons het ook hierdie week gehoor van die maskers en regulasies wat opgehef is. So na 'n paar jaar gaan ek weer my rathefboom kan sien in my motor...

So gebeur verandering om ons heeltyd. Sommige van ons sal sê die wêreld verander te vinnig, ek kan nie by hou nie. Ek begin net iets verstaan, dan is dit al weer tyd vir opgradeer. Ek is net gemaklik, dan druk die lewe my weer in die ongemak in. Ek dink net ek verstaan en dan gebeur daar weer iets wat maak dat ek nie verstaan nie.

- "Either you are an agent of change or you're destined to be a victim of change.

Agent van verandering? Die een wat verandering bring, of 'n slagoffer van verandering? Die een wat ondergekry word deur hoe die wêreld keer op keer vooruitgaan.

- You simply can't survive in the long term if you insist on standing still"
  - Norm Brodsky

Die lewe laat dikwels nie toe dat ons stilstaan nie. Ek het vanoggend een van my geliefdkose liedjies saamgebring. En ek weet sommige mag dalk wonder, hoekom hierdie liedjie, maar ek glo aan die einde van die getuienis sal dit vir jou meer sinmaak.

Die liedjie se naam is Tussen Treine van Richard van der Westhuizen en Lochner de Kock. Bekend as die klankbaan vir die tweede Ballade vir 'n Enkeling reeks.

Hulle vra 'n paar jaar gelede vir Richard oor die ontstaan van die liedjie. Hy sê die volgende:

Die liedjie het onstaan uit die warwoel van emosies van 'n tienerseun. Hy het grootgeword op die dorpie Nababeep in die Namakwaland waar mense net Afrikaans praat. In 1966 besluit sy Pa toe, Nee My seun moet leer Engels praat. Net toe word hy as 13 jarige seun op die trein gelaai en na Rodebosch gestuur om by die St Joseph College skool te gaan...

Verbeel jou 13 jaar oud... Van Nababeep tot Rondebosch... En Richard sê dit is waaroor die lied gaan, hy as 13 jarige seun. Hy onthou die vrees, maar hy onthou ook die opgewondenheid. Die koebaai sê vir alles en almal wat hy ken en die vreemde (maar tog ook onbekende dalk opwinding) wat op hom wag.

Ons lees vanoggend vanuit 2 Konings 2. Vers 1-15.

Laasweek het ons by 1 Konings 19 stilgestaan en aan die einde van 1 Konings 19 gee die Here vir Elia die opdrag om vir Elisa as profeet te gaan aanwys. Hierdie week lees ons hoe Elia dan sy amp oorgee vir Elisa. Jy is welkom om saam met my te volg:

1. Die tyd het gekom dat die Here vir Elia in 'n stormwind in die hemel sou opneem. Elia en Elisa het uit Gilgal vertrek,
2. en Elia het vir Elisa gesê: "Bly hier, want die Here stuur my na Bet-El toe." Elisa se antwoord was: "So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie." Hulle is toe na Bet-El toe.
3. Die profete wat in Bet-El was, het na Elisa toe gegaan en hom gevra: "Weet jy dat die Here vandag jou leermeester van jou af gaan wegvat?" Hy het geantwoord: "Ja, ek weet. Moenie daaroor praat nie."
4. Elia sê toe vir Elisa: "Bly hier, want die Here stuur my na Jerigo toe." Maar Elisa het geantwoord: "So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie." Hulle het saam in Jerigo aangekom.
5. Die profete van Jerigo het na Elisa toe gekom en hom gevra: "Weet jy dat die Here vandag jou leermeester van jou af gaan wegvat?" Hy het geantwoord: "Ja, ek weet. Moenie daaroor praat nie."
6. Elia sê toe vir hom: "Bly hier, want die Here stuur my na die Jordaan toe." Maar Elisa het geantwoord: "So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie." Hulle twee is toe saam verder.

7. 'n Vyftigtal van die profete is agterna en het op 'n afstand gaan staan regoor die plek waar Elia langs die
Jordaan gestaan het.
8. Elia het sy mantel gevat, dit opgerol en die water daarmee geslaan. Die water het na links en na regs verdeel,
sodat hulle twee op droë grond daar deur is.
9. Net toe hulle deur is, sê Elia vir Elisa: "Wat wil jy hê moet ek vir jou doen voordat ek van jou af weggevat
word?" Elisa het geantwoord: "Mag daar tog 'n dubbele deel van u gees op my kom!"
10. Toe sê Elia: "Dis 'n moeilike ding wat jy vra. As jy my sien wanneer ek van jou af weggevat word, mag dit dan
met jou gebeur; maar as jy my nie sien nie, sal dit nie gebeur nie."
11. Terwyl hulle gesels-gesels verder gegaan het, was daar skielik 'n wa van vuur met perde van vuur wat hulle
twee van mekaar geskei het, en Elia is in 'n stormwind op, die hemel in.
12. Toe Elisa dit sien, het hy uitgeroep: "My vader, my vader, u was vir Israel die strydwa met sy ruiters!" Toe
Elisa nie meer vir Elia kon sien nie, het hy sy eie klere gevat en in twee stukke geskeur.
13. Hy het die mantel wat van Elia afgeval het, opgetel en weer op die wal van die Jordaan gaan staan.
14. Hy het met hierdie mantel wat van Elia afgeval het, op die water geslaan en gesê: "Waar is die Here die God
van Elia? Waar is Hy?" Toe Elisa die water slaan, het dit na links en na regs verdeel sodat hy kon deurgaan.
15. Toe die profete van Jerigo wat 'n entjie daarvandaan gestaan het, hom sien, het hulle gesê: "Die gees van
Elia rus nou op Elisa." Hulle het hom tegemoet geloop en voor hom gebuig.

(Meditasie)

Wanneer jy die teks lees, dan kan vers 1 jou baie maklik skok. Want vers 1 begin met een van die mees dramatiese openingsverse van al die hoofstukke in die Bybel.

“Die tyd het gekom dat die Here vir Elia in 'n stormwind in die hemel sou opneem”

Wag wat, Elia word weggeneem? In ‘n stormwind? Na die hemel? Hoe werk dit? Gaan hy doodgaan? Bly hy lewe? Hoekom gebeur dit? Hoekom gebeur dit nou? Hoe gaan dit presies gebeur….

Die openingsvers bevestig dat die volk is op die punt van groot verandering.

En soos met die nuus, die skok, die warboel van emosies, wil ons in daardie laaste oomblikke vasklou aan die bekende, of aan die mens, voordat ons vir hom/haar finaal moet groet. Ons lees dan hoe Elisa hier vir Elia soos ‘n stertjie navolg. 3 keer sê Elia hy wil gaan en dan sê Elisa hy gaan saam. En mense wonder hoekom/ Was Elisa bang? Wou Elisa die laaste bietjie van sy leermeester leer? Of wat is hier aan die gang. Sommige mense voel dat Elisa deur die saamloop tot op die einde juis sy lojaliteit wys en sy bereidwilligheid om letterlik Elia se mantel oor te vat. Dit is belangrik om op te Let dat die plekke waarheen Elia en Elisa reis ook nie lukrake plekke is nie, maar dit is juis ruimtes waar God vir Elia sy getrouheid gewys het. Plekke soos Bet-El, Jerigo en die Jordaan. Dus is hierdie so laaste swane swang, bevestigings toer waarop Elia gaan. Elia stap eintlik in die voetspore van Josua toe hy die land ingeneem het.

En Elisa, soos enige mens, wil ook darem net so klein bietjie sekerheid vind dat alles okay gaan wees. Dat alles mooi gaan uitwerk. Daarom het hy die vreemde versoek dat die dubbele Gees van Elia op hom sal kom. Hy soek dus die wysheid van sy voorganger. Daarna word Elia op dramatiese wyse weggeneem (Hy word soos Enog een van die mense wat volgens die Bybel nie doodgaan nie, maar liewer net opgeneem word in die Hemel.

En ons lees dan na Elia se hemelvaart dat:

15. Toe die profete van Jerigo wat 'n entjie daarvandaan gestaan het, hom sien, het hulle gesê: "Die gees van
Elia rus nou op Elisa." Hulle het hom tegemoet geloop en voor hom gebuig.

Dus het alles toe mooi uitgewerk vir Elisa in hierdie krises.

Krisisse in ‘n mens se lewe kan rampe of geleenthede wees. Geloof in die nabyheid van God kan die verskil tussen die twee moontlikhede maak.

Maar hierdie week het ek heeltyd gedink aan die verandering. Hulle sê mos, Change is the only constant. Vandag sit ons hier sonder maskers, maar soos wat ons 860+ dae later anders is, so moet die kerk, ons manier van dink, ons manier van doen, ons manier van leef ook anders wees. Ons kan nie die treinrit van die afgelope paar jaar systap nie. Dit voel asof die lewe ons gereeld druk om aan te hou verander. En soms doen die lewe dit deur daardie krises tye.

So hoor ons mos gereeld hierdie een sinnetjie wat die mat heeltemal onder ons voete uitruk. Daar sin soos:

- Jou dogter is swanger
- Die kanker is terug.
- Daar was ‘n ongeluk.
- Ek is afgedank.
- Ons moet trek.
- Dit was ‘n scam, ons het alles verloor.
- Hy het ons verlaat.
- Die tyd het nou gekom.
- Ek het besluit om die aanbod te aanvaar.
- Ek het daardie persoon weer ‘n kans gegee.

Woorde wat jou in jou wese skok. Maar dan bly dit jou besluit.

Ferdinand Deist het lank gelede (1986) hierdie boekie Oorstap tyd geskryf. En hierdie week, met Elia en Elisa ingedagte het ek weer hierdie boekie van my boekrak afgehaal en deurgelees. En alhoewel die eerste druk lank terug gebeur het, bly hierdie woorde vir my wysheid.

Deist beskryf dat: ‘n Mens kan jou lewe voorstel as ‘n treinreis. ‘n Reis tussen twee stede sonder ‘n direkte verbinding. As van die een stad na die ander wil reis, beteken dit dat jy êrens onderweg moet oorklim- miskien selfs meer as een keer.

Tussen die beginpunt (geboorte) en die eindpunt (sterwe) lê daar ‘n hele aantal ander tye op die rooster van die lewe, tye wat buite ons beheer vasgestel word en waaraan ons gehoor behoort te gee- net soos ons geen beheer het oor hoe die treinrooster vasgestel word nie en tog, as ons bestemming wil bereik, aan die tye gehoor moet gee.

By ‘n gewone treinrit kies jy self, maar met die lewens trajek het jy nie ’n keuse nie. Jy het geen sê oor die vertrektyd nie. Jy weet ook nie wat anderkant die gordyn aangaan nie. Jy weet ook nie wanneer dit oorklim tyd is nie. En soms ruk die trein waarmee jy reis tot stilstand. Meet een lewenservaring, of een sin, of een moment...

Ferdinand Deist bespreek dan hierdie 9 oorstap tye in ons elkeen se lewe en natuurlik is daar nog vele ander:

1. Eensaamheid (hier in Covid tydperk- letterlik geïsoleer van alles en almal, maar tog is ons ook omring met mense wat so eensaam is)
2. Teleurstelling (ons het soveel verwagting gehad en die een lei op die ander)
3. Bekommernis (wanneer môre se bekommernis vandag se vreugde steel)
4. Lyding (pyn op pyn- seerkry op seerkry)
5. Dood (die finaliteit van iemand wat ons verlaat)
6. Nutteloosheid (Ek is niks werk nie)
7. Ouderdom (Ek kan nie meer doen wat ek altyd gedoen het nie, die wêreld beweeg te vinnig)
8. Kleingeloof (Ek kan nie so baie vertrou nie)
9. Twyfel (ek weet nie meer nie, ek wonder, die wêreld maak nie sin nie)

Hierdie 9 stoppe, kan nie die eindstasie wees nie, maar wel ‘n oorklim stasie. Die oplossing is nie in bloot uitklim nie, maar liewer in oorklim. Dit is juis geloof in Hom wat die sinvolheid van die reis waarborg- wat aan ons die geborgenheid gee om oor te klim en nie bloot uit te klim nie.

Die omstandighede gaan nie noodwendig verander nie, maar jy gaan verander. En jy/jouself kan slegs verander as jy geloof het in die rigting waarin die nuwe trein onderweg is, as jy geloof het in die sinvolheid van die bestemming van die lewe.

En dit is hier, waar ek glo, juis in hierdie moeilike ruimte van die lewe, wat geloof vir my sin maak. Geloof is die grootste en moeilikste oorklimplek van die lewe. Want dit is wanneer jy- teen alle rede in- op die trein moet klim waarvan die Hebreërbrief skrywer sê dat jy nie sal weet waarheen dit gaan nie.

Geloof is ‘n oorklimplek waar jy jou bagasie op die stasie moet los en in vertroue moet oorklim op ‘n trein met ‘n onbekende bestemming. Maar tog is jy seker dat om af te klim en net hier te bly staan nie die regte ding sal wees nie.

En ek weet dat die persoon in wie se voetstappe ek volg, moes ook in verskeie stasies oorklim. Soos toe Jesus terug was in sy tuisdorp Nasaret en die mense hom wou doodmaak, hy het eenvoudig ent gekies dat hierdie nie ‘n afklim stasie is nie, maar ‘n oorklim stasie. Jesus se stasies het ook Getsemane en Golgota ingesluit. Hy wat die roete enduit ken.

Om Christus te volg is ’n daaglikse reis van onderskeiding. Soms is daar vuurwaens, stormwolke en wonderwerke. Ander dae behels dit om geduldig op die Here te wag en moeilike keuses te maak. Die waarheid is egter dat God altyd by ons is; dat ons, soos Elisa, ook die Here se Gees binne ons het.

Ek wil dit saamvat met my eie verhaal?

Ons het vanoggend begin met die gedagte: You simply can’t survive if you insist on standing still. Ons moet aanhou beweeg. En soos wat ons beweeg begin die pad al hoe meer duidelik raak. Maak dit meer sin. Vind ons die roete. Die regte roete.

Ek het dit beleef vroeg April maand toe ek en my vrou op ‘n baie besige treinstasie is in Bordeaux. Ons sukkel. Daar is te veel onbekendes. Die masjiene wat net in Frans is. Die trein borde wat nie sin maak nie. Ons wil gaan na Margaux, maar sien dit nie op enige bord nie. Dit is soos bv. as jy van hier wil reis na George, maar dan staan daar op die bord Kaapstad en jy moet maar aanneem jy kan afklim op George. En dit was Chaos.  Die mense wat ons probeer help wat ons nie verstaan nie. Dit is stemdag so die kaartjie kantoor is gesluit. En na so 30 minute se sukkel  het ons uiteindelik die kaartjie, maar weet ons moet nou binne 2 minute op die regte trein klim. En so begin ons hardloop, onseker waarnatoe, maar ons hardloop. Eers daardie kant toe En toe weer terug anderkant toe. En so in die chaos sien ons ‘’n jong dame en ons wys vir haar ons kaartjie, sy sien toe waar ons moet wees en sy sien die vertrektyd. En al wat sy sê is, follow me, Quick Quick. En daar hardloop ons agter haar aan, af met trappe, deur ’n tonnel, op met trappe en tot by ‘n trein.... En dit was gelukkig die regte trein...

Ek ken nie die meisie wat ons gehelp het se naam nie, ek sal haar nie weer herken as ek haar ooit in my lewe sien nie, maar sy help my om iets van die beweging in 2 Konings 2 te begryp.  Dat in ons lewe is daardie oomblikke waar ons net wil afklim, stilstaan, bly in die seer, bly in die verlies, bly by die bekende, bly by wat ek mee gemaklik is, bly by die Elia wat ek ken, die leier wat ek volg- maar dan ontmoet ons iemand wat die pad saam met ons loop. En wat ons op ‘n manier langs ons loop, voor ons loop, maar ook agter ons loop en ons help oorklim. En dit okay maak om weer te begin beweeg...

Ons gaan nou weer luister na ’n kort uittreksel van die lied van vanoggend.

- Luister Lied tussen treine.